

**“Failure is the opportunity to begin again, this time more intelligently” Henry Ford**


**2022 SEISOEN SE OORSIG: SUURLEMOENE**

Syfers van Suurlemoene wat gepak is, word hieronder aangedui – alles in 15 kg karton ekwivalente.

	Gemiddeld 2017-21	2021	2022 (Skatting)	2022 (Werklik)
Suurlemoene	22.8 m	31 m	32.5 m	34.7 m


Die Suurlemoenfokusgroep (LFG) het die syfer van Suurlemoene wat gepak is, met 7% onderskat. Die impak van die vele suurlemoen-aanplantings oor die afgelope tien jaar begin wys met die 2022 syfer van wat werklik vir uitvoer gepak is, wat ver bo die laaste vyf-jaar gemiddeld is, en 12% hoër as 2021.

Die impak van die staking in die Oos-Kaap se suurlemoen produksiestreke, en die impak van die vloede wat toegang tot die Durbanse hawe vir noordelike suurlemoenprodusente belemmer het, is duidelik in die grafiek hieronder, met vroeë seisoenverpakking wat ver onder die vorige jare gedaal het, en dan vir die balans van die seisoen opvang. Sondagsrivier is die grootste suurlemoen produksiestreek met 42% van die totale uitvoervolume, gevolg deur Senwes met 19%.



Die verskeppingsverspreiding in 2022 was byna identies aan dié van 2021.

Current Season (2022) (YTD)



Europa bly steeds die voorste bestemming vir Suider-Afrika se suurlemoene met 39% in 2022 (2021 38%). Uitvoere na die Midde-Ooste het effens afgeneem – van 31% in 2021 tot 29% in 2022. Die nuwe Chinese suurlemoenprotokol het begin om 'n effek te hê met uitvoere na daardie streek wat van 7 tot 9% toegeneem het. Die ander markte het dieselfde persentasie vrugte ontvang – selfs Rusland waar daar kommer was oor marktoegang en verskeppingsgeleentheid.

